| Term | Definisie |
|---|---|
| Apikale botsel | Die apikale botsel is die groeipunt van 'n stem, wat die apikale meristem bevat. |
| Basweefsel (E: Phloem) | Basweefsel is weefsel wat bestaan uit sifagtige selle wat koolhidrate en ander metaboliete vanaf die blare, waar hulle vervaardig word, na die res van die plant vervoer. |
| Bestuiwing | Bestuiwing is die verplasing van stuifmeel van 'n meeldraad na 'n stamper. |
| Bywortels | Die term bywortel beskryf 'n wortel wat in 'n ongewone posisie ontwikkel, en word ook gebruik om wortels te beskryf wat direk uit die stam of blare groei. |
| Chloroplaste | Chloroplaste is die deel van plantselle wat chlorofil bevat en maak die plant groen. |
| Deïonisering | Deïonisering behels verwydering van ione uit water deur die uitruiling met ander ione wat geassosieer word met vaste stroom op 'n hars. |
| Demineraliseerde water | Demineraliseerde water verwys na water waaruit die opgeloste soute (minerale) verwyder is. Batterywater vir voertuie is byvoorbeeld gedemineraliseer, asook alle water wat in chemiese laboratoriums gebruik word, selfs al is dit net om toerusting mee te was. |
| Distillering | Distillering is suiwering van sout- of brak water deur opgeloste soute te verwyder deur toe te laat dat water verdamp, en dan weer teen 'n gladde vlak (byvoorbeeld glas) te kondenseer, vanwaar dit weer opgevang word. |
| Dormantheid | Dormantheid verwys na die vermoë van sekere plantdele, soos sade, om metaboliese prosesse op te skort totdat ideale omgewingsomstandighede voorkom. |
| Driebladig (E: Trifoliate) | Driebladig beteken 'met drie blare' en die term word gebruik om 'n saamgestelde blaar te beskryf wat uit drie primêre blaartjies bestaan wat uit dieselfde plek groei. |
| Drietallig (E: Ternate) | Drietallig beteken in drie verdeel en word gebruik om 'n saamgestelde blaar te beskryf wat in drie min of meer gelyke dele verdeel is |
| Eksendosperme saad | Eksendosperme saad is waar die endosperm opgeneem is deur die saadlobbe voor die saad volwasse is. |
| Eksodermis | Die eksodermis is die 'buite vel' of buitenste sellaag van die korteks. |
| Elektriese geleiding | Elektriese geleiding verwys na die vermoë van enige stof, soos water of groeimediumpasta, om 'n elektriese stroom te gelei en word in verskillende eenhede uitgedruk. Die internasionale standaardeenheid is Siemen. |
| Embrio | Die embrio is 'n organisme in sy vroegste stadium van ontwikkeling voordat dit selfonderhoudend word. Wanneer 'n plantembrio uit die saad begin groei, of ontkiem, noem ons dit 'n saailing. |
| Embrio – nusellus | 'n Nusellus-embrio ontwikkel uit nusellus-selle wat die sigotiese embrio omring in sekere spesies, waarvan sitrus een is. Nusellus-embrio's gee aanleiding tot plante wat soorteg is aan die moederplant. |

| Term | Definisie |
|---|---|
| Embrio – sigoties (sigoot) | 'n Embrio wat ontwikkel uit seksuele voortplanting, betekende die bevrugting van die vroulike ovule deur selle wat gevorm is deur die manlike stuifmeel. |
| Embrio – somaties | 'n Embrio war ontwikkel uit aseksuele voortplanting, dit wil sê wanneer plante deur weefselkultuur voortgeplant word. |
| Endodermis | Die endodermis is die binneste vel-laag van die korteks, en is tussen die korteks en die vaskulêre silinder. |
| Endosperm | Die endosperm is die voedsame weefsel van 'n saad en kan stysel, proteïene en lipiede bevat; dit is die tydelike voedingsbron vir die saad. |
| Endosperme saad | Endosperme saad is sade waar die saadlobbe klein of dun bly omdat die endosperm nie deur die saadlobbe opgeneem word nie en apart bly. |
| Enting | Enting verwys na enige proses waardeur 'n deel van een plant op so 'n wyse in of op 'n ander plant ingeplaas word, dat hulle verenig en as enkele eenheid groei. |
| Epidermis | Epidermis beteken letterlik 'rondom vel' (epi = oor of rondom, en dermis = vel). Die buitenste vel-laag van die meeste plantdele word die epidermis genoem. |
| Epigeaal | Epigeaal beteken om op of net bokant die oppervlak van die grond te lewe of groei. |
| Epigeale saadontkieming | Epigeale saadontkieming gebeur wanneer die hipokotiel verleng sodat die saadlobbe bokant die grond gedra word. |
| Epikotiel | Die epikotiel is die deel van die stam bo die punt waar die saadlobbe geheg is en onder die groeipunt. Die epikotiel begin groei ná die hipokotiel. |
| Fenologie | Fenologie verwys na biologiese verskynsels wat gereeld voorkom en die omgewings- en klimaatsfaktore wat dit beïnvloed. In sitrus verwys fenologie spesifiek na die jaarlikse kringloop van die sitrusboom. |
| Fotosintese | Fotosintese beteken letterlik produksie deur lig (foto = lig, sintese = produksie) en is die metaboliese proses waardeur groen plante koolsuurgas en water in voedsel omsit deur energie te gebruik wat van sonlig afkomstig is. |
| Fototropisme | Fototropies beteken om na lig toe te draai of te groei. |
| Gravitropisme (Geotropisme) | Gravitropisme, ook bekend as geotropisme, is 'n groei- of draaibeweging van 'n plant in reaksie op swaartekrag. Gravi– verwys na swaartekrag, as die krag wat alles na die middelpunt van die aarde toe aantrek, en –tropisme beteken 'draai in reaksie op 'n stimulus'. |
| Hipogeaal | Hipogeaal beteken om onder die grondoppervlak te bly. |
| Hipogeale saadontkieming | Hipogeale saadontkieming verwys na wanneer die saadlobbe ondergronds bly terwyl die epikotiel van die saailing groei. |
| Hipokotiel | Die hipokotiel is die deel van die stam tussen die wortels en waar die saadlobbe vas is. |
| Houtweefsel (E: Xylem) | Houtweefsel is weefsel wat bestaan uit selle soos vate en sifbuise, en wat water en ander voedingstowwe vervoer vanaf die wortels na die blare, waar dit gebruik word vir voedselproduksie. |

| Term | Definisie |
|---|---|
| Huidmondjies<br>(E: Stomata) | Huidmondjies is 'n klein porieë in die epidermis van blare of stamme wat elk deur twee wagselle omring word. Huidmondjies beheer die beweging van waterdamp en ander gasse in en uit die plant. |
| Humiditeit | Humiditeit, soms ook relatiewe humiditeit genoem, is die persentasie waterdamp in die lug teen 'n gegewe temperatuur. Dit beteken dat, by 20% relatiewe humiditeit, 20% van enige volume lug uit swewende watermolekules sal bestaan. |
| Indringerplant | Indringerplante is uitheemse plante wat skadelik vir die natuurlike ekosisteem geword het. Nie alle uitheemse plante is indringers nie – in Suid-Afrika word maar 'n skrale 2.5% van plante wat hierheen gebring word, uiteindelik indringers. Indringerplante het nie natuurlike vyande of ander beperkinge op hulle groei nie en is geneig om ekosisteme waarheen hulle verplaas is, oor te neem. Indringerplante is 'n ernstige bedreiging vir die biodiversiteit en stabiliteit van die ekosisteem. |
| Indrinking<br>(E: Imbibition) | Indrinking beteken die absorpsie van iets, soos vloeistof of hitte. By saadontkieming beteken dit die opneem van water deur die saadwand. |
| Internodus | Die internodus is die area van die stam of tak tussen nodusse. |
| Kambium | Kambium is 'n silindervormige laag selle waar nuwe selle, soos basweefsel en houtweefsel, geproduseer word. |
| Kavitasie | Kavitasie word veroorsaak wanneer daar lugborrels in die water is. Wanneer lugborrels die dryfrat (die deel van die pomp wat roteer en water aanstuur, 'impeller' in Engels) tref, plof hulle in op die dryfrat, wat die onderdele kan breek. |
| Kollenchiem | Die kollenchiem is 'n spesiale versterkende weefsel in die korteks van plantstamme. |
| Korteks | Die korteks is 'n interne deel van die wortel, en kom tussen die epidermis en die sentrale vaskulêre silinder voor. |
| Kotiele | Die kotiele is die saadlobbe. Monokotiele plante (monokote) het een saadlob en dikotiele plante (dikote) het twee saadlobbe in hulle sade. |
| Lamina (blaarblad) | Die lamina is die plat blad van die blaar. |
| Lug-gevulde porositeit | Die lug-gevulde porositeit van 'n groeimedium is die persentasie van die volume wat lug bevat nadat dit deur water versadig is, en toegelaat is om te dreineer. Dis 'n aanduiding van hoeveel lug vir die wortels beskikbaar is, en is dus 'n uitstekende manier om die geskiktheid van die fisiese eienskappe van 'n groeimedium te bepaal. |
| Lugwortelsnoei | Lugwortelsnoei vind plaas wanneer die wortels van die saailing deur die basis van die ontkiemingsbak groei en deur blootstelling aan lug gesnoei word. |
| Medulla | Die medulla is die kern van die stam of tak. |
| Medullêre strale | Medullêre strale is bande parenchieme selle wat loop van die korteks tot by die kern (medulla) tussen die vaskulêre bundels in die stam of tak. |
| Meiose | Meiose is 'n proses in organismes wat seksueel voortplant waartydens die selkern in vier kerne verdeel, waarvan elkeen die helfte van die normale aantal chromosome dra. |

| Term | Definisie |
|---|---|
| Meristem | Die meristem is embrioniese plantweefsel waar selverdeling gebeur, soos die apikale meristem van die stam en wortels. Die vaskulêre kambium is 'n laterale meristem waar sekondêre, verdikkende groei van die stam en wortels plaasvind. |
| Meristematiese area | Die meristematiese area van die wortel is waar selle gedurig verdeel en nuwe selle gevorm word, en word deur die wortelmus bedek. |
| Mesofil parenchiem | Onreëlmatig gevormde selle met baie lugruimtes tussenin wat die spasie tussen die palissade parenchiem en die laer epidermis vul. |
| Metabolisme (metaboliese prosesse) | Metabolisme, of metaboliese prosesse, beteken die voortdurende reeks chemiese interaksies wat in lewende organismes plaasvind wat energie en voedingstowwe verskaf sodat lewe onderhou word. |
| Mikropilium | Die mikropilium is 'n klein opening in die saadwand waardeur die stuifmeelbuis voor bevrugting gaan en waardeur die wortelkiem uitgroei tydens ontkieming. |
| Mikro-sproeiers en druppers | Mikro-sproeiers en druppers is toestelle wat ontwerp is om klein hoeveelhede water oor 'n beperkte area te voorsien ten einde die doeltreffendheid van watergebruik te verbeter. Mikro-sproeiers en druppers is die uitstralers of sproeipunte in die besproeiingstelsel. |
| Nodus | Nodusse is uitstulpings op die stamme en takke, wat ook bekend is as knoetse of stingelknoppe, waar blare vas is of was en waar vaskulêre are vertak na die blare. |
| Nusellus | Die nusellus omring die embrio sak in die ovulum en tree op as 'n voedingsbron wat die aanvanklike ontwikkeling van die embrio ondersteun. In sekere plante is daar omtrent geen nusellus nie. |
| Omgekeerde osmose | Omgekeerde osmose is 'n behandeling van water waardeur opgeloste soute soos natrium, chloor, kalsiumkarbonaat en -sulfaat uit water onttrek word deur dit onder hoë druk deur 'n halfdeurdringbare membraan te stuur. |
| Onkruid | 'Onkruid' is die generiese woord vir plante wat op 'n plek groei waar hulle nie verlang word nie. Onkruid word belangrik in kommersiële kwekerye wanneer hulle bome beskadig. |
| Opbrengs | Opbrengs verwys na die hoeveelheid vrugte wat geproduseer word, en word in die volgende terme uitgedruk:<br>Boom opbrengs — kg per boom — kg/boom<br>Boord opbrengs — ton per hektaar — t/ha<br>Uitvoer opbrengs — aantal 15kg-bokse per hektaar (10kg-bokse vir sagte sitrus) — bokse/ha |
| Osmose | Osmose is die vloei van water en ander vloeistowwe deur 'n half-deurdringbare membraan, soos die dun membraan onder die dop van 'n eier, van 'n area met hoë konsentrasie na 'n area met 'n laer konsentrasie, sodat die vloeistofbalans geleidelik eweredig gemaak word. |
| Ovulum | Die ovulum is 'n klein struktuur binne-in die ovarium van 'n saadplant wat die vroulike reproduktiewe selle binne-in die embrio sak bevat, en wat na bevrugting in 'n saadjie ontwikkel. |
| Ovum (P: ova) | Die ovum is die vroulike voortplantingselle wat in die ovulum bevat word. |

| Term | Definisie |
|---|---|
| Palissade parenchiem | Die lang, dig gepakte palissade parenchiem selle word omring deur die boonste epidermis van die blaar. Dit is waar fotosintese plaasvind. |
| Palmvormig | Palmvormig verwys na die blaarvertakkingspatroon wat soos die vingers van 'n oop hand lyk. |
| Parenchiem | Parenchieme weefsel is sagte plantweefsel wat uit selle met dun wande bestaan wat die grootste gedeelte van blare, die stamkern, wortels en vrugtepulp vorm. |
| Perisikel | Die perisikel is die heel buitenste laag van die vaskulêre silinder. |
| Petiool | Die petiool is die stingel van die blaar. Sekere blare het nie 'n petiool nie, en is met 'n blaarskede aan die tak geheg. |
| pH | pH dui die suur- of alkaliese gehalte van enige stof aan. Op 'n skaal van 1 tot 14 kan dit wissel tussen 1 (uiters suuragtig) en 14 (uiters alkalies), met 'n pH-waarde van 7 as neutraal. Plantsap het 'n pH van 5.8, en die pH van mensebloed is baie na aan 7. 'n Groeimedium met 'n lae pH word suuragtig genoem, terwyl 'n groeimedium met 'n hoë pH alkalies is. |
| Pinnae<br>(S: pinna) | Pinnae is die primêre blaartjies wat 'n saamgestelde blaar uitmaak. |
| Plaagorganisme | In landbou is plaagorganismes alle organismes wat skade aan lewende hawe, oeste, mense of grondvrugbaarheid aanrig, soos die tsetsevlieg, vrugtevlieg en die malaria-muskiet. In die kwekery, is enige organisme waarvan die voedings- en / of voortplantingsgewoontes lei tot 'n vermindering in die gehalte van die sitrusbome, 'n plaagorganisme. |
| Plagiotropisme | Plagiotropies is die geneigdheid van 'n plant se wortels, stamme om takke om teen 'n hoek weg van vertikaal te groei. |
| Plantsiekte | 'n Plantsiekte kan beskryf word as 'n belemmering van die plant se funksies deur organismes soos fungi, bakterieë of virusse. |
| Plumule | Die plumule, of blaartjie, is die elementêre steggie van die plantembrio. |
| Poli-embrionies | Poli-embrionies verwys na 'n plant wat daartoe in staat is om meer as een tipe embrio te ontwikkel, soos sitrus wat beide sigotiese en nusellus embrio's kan ontwikkel. |
| Propagule | Propagule is 'n versamelnaam vir die uitloopsels, saad of ander dele wat plante gebruik om seksueel of vegetatief te vermeerder of voort te plant. |
| Respirasie | Respirasie is 'n energieproduserende oksidasieproses in selle, die totale chemiese en fisiese proses waartydens suurstof aan plantselle gelewer en koolsuurgas en water afgeskei word. Die pant neem suurstof ($O_2$) op en stel koolsuurgas ($CO_2$) vry. |
| Saadontkieming | Saadontkieming word gedefinieer as die verskyning van die wortelkiem deur die saadwand. Dit is die voortsetting van saad groei ná 'n dormante tydperk. |
| Sellulose worteldrade | Sellulose worteldrade is die draadjies wat die wande van die wortelselle opmaak. |

| Term | Definisie |
|---|---|
| Soute | Soute verwys nie net na tafelsout (natriumchloried) nie, maar na enige oplossing van 'n suur en 'n basis, soos kalsiumfosfaat, kaliumnitraat, magnesiumchloried, ens. In hierdie soute is die kalsium, kalium en magnesium basisse, en die soute word gevorm wanneer sure soos swawelsuur, salpetersuur en soutsuur bygevoeg word. Water met 'n hoë soutkonsentrasie, wat ook hoë totale opgeloste soute (TOS) genoem word, is soutagtig. |
| Tigmotropisme | Tigmotropisme is die draai of groeibeweging van 'n plant in reaksie op aanraking of kontak, soos in die geval van klimplante. |
| Topgroei-dominansie | Topgroei-dominansie verwys na die sterk groei aan die bopunt van die plant wat groei van laterale (sy-) lote onderdruk. |
| Transpirasie | Transpirasie beteken om water deur die oppervlak, en spesifiek deur die huidmondjies, van 'n plant te verloor. |
| Uitheemse plant | Uitheemse plante is plante wat uit ander lande of gebiede afkomstig is. Uitheemse plante is om ekonomiese of ornamentele redes na hierdie land of streek gebring. |
| Veeragtig | Veeragtig verwys na 'soos 'n veer' in voorkoms of struktuur, soos wanneer daar 'n sentrale as of skag is met dele wat daaruit vertak. |
| Vektor | 'n Vektor is 'n draer-organisme, soos 'n insek, wat mikroörganismes wat siektes veroorsaak van geïnfekteerde plante na ander plante oordra. |
| Veldwaterkapasiteit (VWK) | Veldwaterkapasiteit (VWK) word bereik wanneer 'n groeimedium toegelaat word om vrylik te dreineer nadat dit met water versadig is. Dis die punt waarby geen vry water in die groeimedium aanwesig is nie. Al die water wat teenwoordig is, klou aan die deeltjies in die groeimedium vas. |
| Verbleiking (E: Etoliation) | Verbleiking is 'n toestand wat veroorsaak word deur onvoldoende lig, wat maak dat die plant 'n tekort het aan die groen pigment chlorofil, wat plante lank, tengerig en bleek laat word. |
| Verkenning (E: Scouting) | Verkenning beteken om die kwekery- en planttoestande waar te neem ten einde inligting oor die sigbare tekens en simptome van plae en siektes in te win. |
| Veselagtige wortelstelsel | 'n Veselagtige wortelstelsel bestaan in die geheel uit veselagtige wortels, wat dun, harige wortels is wat gewoonlik meer vesels bevat as ander wortels. |
| Voedingstekort | 'n Voedingstekort is wanneer daar nie 'n genoegsame hoeveelheid van 'n spesifieke voedings-element is nie en die plant as gevolg daarvan nie 'n sekere fisiologiese proses kan voltooi nie. |
| Voordelige organisme | In landbou dra voordelige organismes positief by deur hulle gewoontes, byvoorbeeld deurdat hulle plaagorganismes eet of blomme bestuif wat tot die ontwikkeling van vrugte lei. |
| Voortplanting | Voortplanting (reproduksie) in sitrusproduksie verwys na die vermeerdering van plantmateriaal van 'n spesifieke kultivar en variëteit wat geskikte eienskappe het in terme van opbrengs, grootte, vorm en interne vruggehalte. |

| Term | Definisie |
|---|---|
| Waterhamer | Waterhamer kom voor wanneer die pomp skielik gestop word, die stroom gepompte water tot stilstand kom, en as gevolg van die drukking in die pyplyn terug vloei na die pomp. |
| Waterhouvermoë | Die waterhouvermoë van 'n groeimedium is die volume water wat dit behou net nadat dit met water versadig en toegelaat is om te dreineer. |
| Weerstand | Weerstand is die teenoorgestelde van elektriese geleiding en verwys na die weerstand in 'n stof, soos water of groeimediumpasta, om elektriese stroom te gelei. Weerstand word in Ohms uitgedruk. |
| Wortelkiem (E: Radicle) | Die wortelkiem is die deel van die plantembrio wat na ontkieming die wortel van die jong plantjie vorm. |
| Wortelstok | Die wortelstok is die deel van die plant wat die wortel insluit, wat vir voortplanting gebruik word. |
| **Sit jou eie by:** | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

citrus academy
CRW

| Term | Definisie |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

citrus academy
CRW